*** S l e g s v I r K o s h u I s a a n s o e k**

KOSHUISTOELATINGSOOREENKOMS

Hiermee doen ek,_____ouer van

_____Graad _____
aansoek om toelating tot die koshuis.

1. Ek is bewus dat inwoning in die koshuis onderworpe is aan die koshuisreëls soos deur die huisvader/moeder vasgestel.
2. Ek onderneem om kwartaalliks losiesgelde vooruit op die eerste skooldag van elke kwartaal te betaal.
3. Ek onderneem om twee weke voordat ek die leerder permanent uit die koshuis neem, kennis te gee.
4. Ek onderneem om alle skade wat aan koshuiseiendom, deur die leerder veroorsaak is, te vergoed.
5. Ek is bewus daarvan dat die koshuis gedurende skoolvakansies en naweke gesluit is en dat ek daarvoor verantwoordelik is om die leerder op eie koste na en van die koshuis te vervoer.
6. Ek gee toestemming dat die onderwyser aan diens in geval van siekte of besering soos volg mag optree:
   a. My onmiddellik in kennis sal stel, of
   b. Indien ek nie beskikbaar is nie, die kontakpersoon in kennis sal stel, of
   c. Indien die kontakpersoon nie beskikbaar is nie, die nodige stappe te neem, om mediese versorging te reël, insluitend skriftelike toestemming vir narkose.
7. Ek onderneem verantwoordelikheid vir die betaling van rekenings insluitende behandeling en medisyne.
8. Ek gee hiermee toestemming aan die Ontvanger van Inkomste om my adres aan die skool te verskaf indien ek nie opgespoor kan word nie.

Verklaring deur ouer:

Ek, die ondergetekende ouer/voog van bogenoemde kind, verklaar hiermee dat die inligting, soos verstrek, na my wete, korrek is en onderneem om:

1. As hierdie aansoek slaag en my kind vanaf ‘n later datum as hierbo gemeld, van die huisvesting gebruik maak, aanspreeklikheid te aanvaar vir die volle losiesgeld vanaf die datum hierbo gemeld, tensy genoemde koshuiskomitee anders besluit.
2. Minstens 30 skooldae vooruit, skriftelik kennis te gee van die voorneme om my kind weg te neem, behalwe in gevalle waar die Koshuiskomitee korter kennisgewing aanvaar het en indien ek nie hieraan voldoen nie, aanspreeklikheid te aanvaar vir die volle losiesgeld van die kind tot aan die einde van die skoolkwartaal ten opsigte waarvan kennis gegee moes word.
3. Die betaalbare losiesgeld, soos van tyd tot tyd deur die Beheerliggaam van Lydenburg Hoërskool vasgestel, maandeliks vooruit te betaal.
4. Ek bevestig dat die betaling van koshuisgelde verpligtend is en ek onderneem om my verpligtinge na te kom. Indien ‘n probleem daarmee ondervind sou word, sal ek die skoolhoof onmiddellik in die verband nader. Indien ek bogenoemde reëling sou versuim, onderwerp ek, die aansoeker, my aan summiere opskorting van koshuisakkommodasie en regstappe sal geneem word.
5. My aan die huishoudelike reëls van die koshuis, soos aan my verskaf, te onderwerp.
6. Vir enige skade wat my kind aan die gebou of toerusting van die koshuis aanrig, te betaal.
7. Indien regstappe geneem moet word ter invordering van die geld in 4 en 6 hierbo, onderneem ek om ook alle regskostes, soos op ‘n skaal tussen prokureur en kliënt bereken, wat insluit invorderingskoste, te betaal.

Ek verstaan en aanvaar die volgende bepalings:

1. Die koshuisvader en moeder tree op in loco parentis vir alle leerders in die koshuis en word gemagtig om as sodanig op te tree as my gevolgmagtigde in alle nood-, mediese en ander gevalle;
2. Kragtens die reëls insake koshuise moet ‘n koshuisganger wie se losiesgeld vir ‘n bepaalde maand nie aan die einde van die maand betaal is nie, vanaf die begin van die daaropvolgende maand uit die koshuis uitgesluit word en nie weer opgeneem word voordat die agterstallige losiesgeld betaal is nie;
3. Hoërskool Lydenburg aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige verlies of beskadiging van persoonike besittings van koshuisgangers nie, hoe dit ookal veroorsaak word en;
4. Ouers word ten sterkste aangeraai om die besittings van hul kinders teen brand, diefstal, ensovoorts te verseker.
5. Die skool se dwelm- en alkoholbeleid is ook van toepassing op die koshuis met dien verstande dat, indien ‘n koshuisganger prima facie skuldig is aan oortredings soos bepaal in bg. beleid, ek die kind onmiddellik uit die koshuis sal neem, ten minste tot sy/haar verhoor deur die Dissiplinêre komitee van die Beheerraad afgehandel is.

Die Ouer en Skool erken dat ondertekening deur beide van hierdie aansoekvorms, geag word as aanvaarding van alle voorwaardes hierin en dat ‘n geldige en bindende ooreenkoms tussen hulle tot stand kom en dat dit die enigste en volledige ooreenkoms sal wees. Geen ander ooreenkoms is derhalwe bindend nie, tensy dit op skrif gestel is en deur beide Ouer en Skool onderteken is.

_____ _____

Datum Handtekening van ouer/voog
Voog wat verantwoordelik is vir betaling